# Meervoude

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
| --- | --- | --- |
| **Reël 1: Kort vokale**<br>*Verdubbel die konsonant* | kat - katte<br>lip - lippe<br>oorbel - oorbelle<br>hek - hekke<br>skooltas - skooltasse<br>bus - busse | *Woord eindig op 'f' en het 'n kort vokaal -*<br>'*ww*' in die meervoud, bv.<br>gif - gi**wwe**<br>straf - stra**wwe**<br>**NB:** hof - ho**we**, nie howwe<br>sjef - sje**fs**, nie shewe<br>*Nog uitsonderings:*<br>pad - paa**ie**<br>blad - blaa**ie**<br>lam - lam**mers**<br>bad - bad**dens**<br>bed - bed**dens**<br>tyd - ty**e**<br>stad - st**ede**<br>skip - sk**epe**<br>lid - **lede**<br>glas - glas**e**<br>gat - gat**e**<br>bevel - bevel**e** |
| **Reël 2: Lang tweeling vokale**<br>*Een vokaal val weg* | boom - bome<br>droom - drome<br>baas - base<br>vrees - vrese<br>vuur - vure<br>haas - hase<br>steen - stene | *Woord eindig op 'f' en het 'n lang vokaal -*<br>'*w*' in die meervoud, bv.<br>stoof - sto**we**<br>kreef - kre**we**<br>NB: hoof - hoo**fde,** nie howe<br>neef - nee**fs**, nie newe |
| **Reël 3: Woorde eindig op l, m, n of r**<br>*Voeg slegs –s by*<br>*(onthou dit is net as Reël 1 nie geld nie)* | derm - derms<br>laken - lakens<br>wapen - wapens<br>bakker - bakkers<br>trekker - trekkers<br>miljoenêr - miljoenêrs<br>kinkel - kinkels | *Verkleinwoorde se meervoud, bv.*<br>hondjie - hondjie**s**<br>speletjie - speletjie**s**<br>boompie - boompie**s**<br>karretjie - karretjie**s** |


Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved
www.studychamp.co.za

# Meervoude

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
|---|---|---|
| **Reël 4a: Woorde met diftonge voor die eind-konsonant**<br><br>*Voeg slegs –e by* | trein - treine<br>muis - muise<br>kous - kouse<br>boek - boeke<br>kruis - kruise | *Woord eindig op 'f' - 'we' in die meervoud, bv.*<br>duif - dui**we**<br>druif - drui**we** |
| **Reël 4b: Woorde wat eindig op diftonge**<br><br>*Voeg slegs –e by* | eeu - eeue<br>hou - houe<br>trui - truie | leeu - leeu**s**<br>spreeu - spreeu**s**<br>vrou - vrou**ens**<br>nooi - nooi**ens** |
| **Reël 5: Woorde met 'n dubbel konsonant op die einde**<br><br>*Voeg slegs –e by* | vark - varke<br>dorp - dorpe<br>beurt - beurte<br>geskenk - geskenke<br>prent - prente | mark - mark**te**<br>skrif - skrif**te**<br>kind - kind**ers**<br>kalf - kal**wers**<br>hemp - hem**de** |
| **Reël 6a: Woorde wat eindig op –ng met enkel lettergreep en kort vokaal**<br><br>*Voeg slegs –e by* | slang - slange<br>tang - tange<br>wang - wange<br>ding - dinge/goeters<br>ring - ringe<br>tong - tonge | |
| **Reël 6b: Woorde wat eindig op –ng met meer as een lettergreep, ge-woonlik –ing**<br><br>*Voeg slegs –s by* | koning - konings<br>ontmoeting - ontmoetings<br>piering - pierings<br>doring - dorings<br>toring - torings<br>kussing - kussings<br>veiling - veilings | ouderling - ouderling**e**<br>aanbieding - aanbieding**e** of aanbiedings |

Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved

# Meervoude

| Reël | Voorbeelde | Uitsonderings |
|---|---|---|
| **Reël 7a: Woorde wat eindig op '-g'**<br>*Die –g val weg,*<br>*-oeg word –oeë,*<br>*-oog word –oë* | kroeg - kroeë<br>oorlog - oorloë<br>oog - oë<br>reënboog - reënboë<br>vlieg - vlieë | vliegtuig - vliegtui**e**<br>voertuig - voertui**e**<br>vlag - vla**e**<br>plaag - pla**e**<br>dag - da**e** |
| **Reël 7b: Woorde wat eindig op –g**<br>*Die –g val weg, vokaal voor –g kry 'n kappie en –e word bygevoeg* | brug - brûe<br>wig - wîe<br>rug - rûe<br>sog - sôe | |
| **Reël 8: Woorde eindig op ie, ee of oe**<br>*Voeg -ë by* | fee - feë<br>proe - proeë<br>kategorie - kategorieë | |
| **Reël 9: Woorde eindig op –heid**<br>*-heid verander na –hede* | besigheid - besighede<br>moeilikheid - moeilikhede | |
| **Reël 10: Woorde wat eindig op i, o, u of lang a klank**<br>*Afkappingsteken en –s* | bikini - bikini's<br>foto - foto's<br>pa - pa's<br>ma - ma's<br>skadu - skadu's<br>kiwi - kiwi's | *Onthou hierdie kry nie afkappingstekens:*<br>ouma/oupa - oumas/oupas<br>kafee - kafees<br>pajama - pajamas<br>pappa - pappas<br>(kyk mooi na reël) |
| **Ander uitsonderings:** | lewe - lewens<br>hawe - hawens<br>wa - waens<br>gevoel - gevoelens<br>polisieman - polisie<br>buurman - bure<br>speelding - speelgoed<br>tyd - tye<br>skip - skepe<br>buurman - bure |  |

Copyright © 2014, StudyChamp. All rights reserved

www.studychamp.co.za